Begeer - 2009-12-31

Inleiding: **Ek het nog altyd 'n begeerte gehad om iets vir God te doen**. My hele lewe was ek in die kerk, vd tyd wat ek te klein was om enige iets te onthou. Ek onthou hoe ek onder die banke geslaap het, nadat ons gesing het, tot wanneer ons die laaste liedjie sing, dan het my pa of ma my wakker gemaak en gesê: "word wakker ons gaan sing".

Iewers in daardie jare, het iets my beet gekry wat ek **"begeer /desire**" noem.

Een ding wat ek begeer het as kleuter net voor skool was om **klavier** te speel. Hele familie het klavier gespeel – St 2 – klassieke klavierlesse geneem. St 6 – koortjies begin speel – en my talent het 'n gawe begin word. Begeer om te sing – 11j oud – kerk begin sing. Begeer om rugby te speel –

Net gesukkel om 'n begeerte vir skoolwerk te ontwikkel.

Ek het begeer om te preek, voor mense te staan en te bedien met musiek, sang en die Woord: vir die Here te werk, 'n pastoor te word . . . 20 jaar in die bediening. Dit wat ek ernstig begeer het, het gerealiseer. Daar is geen plaasvervanger vir " begeer" nie.

A. Alles begin by begeerte:

1STE PUNT: DIT BEGIN NIE BY TALENT NIE, MAAR BY BEGEERTE: Dan sal die een ding lei na die volgende. Elke mens het talente ontvang – maar dit is latent – wag op "begeerte"

Van uiterste belang dat jy **eers die begeerte na iets moet hê** voordat jy enige iets suksesvol sal kan doen. **Jy moet dit begeer . . . geen plaasvervanger vir begeerte nie**.

Psa 27:4 **Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek**: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

LOUIS BRAILLE – beide oë verloor in 'n ongeluk toe hy 3jaar oud was. But he had a desire. He said: **I'll make a system so that the blind can read and write**.
Hy het begeer om te kan lees en te skryf, daarom het hy 'n sisteem ontwerp wat na hom vernoem is – Braille System.

PAULUS: te voet – hele Asië in twee en 'n half jaar ge-evangeliseer. Geen vliegtuig, motors, treine, internet, facebook, twitter, sms, mixid.

Al wat hy gehad het, was '**n begeerte om die goeie nuus** te vertel aan soveel as moontlik mense in gehoorsaamheid aan die HG.
Mense het hom probeer stop – maar sy **begeerte was te groot**, om te preek in soveel plekke moontlik en hy het nie omgegee of dit in 'n **gevangenis of paleis** was nie.

Hy wou sy reis voltooi met 'n skoongewete, sy begeerte vervuld om die goeie nuus te verkondig.

Php 3:12 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.
Php 3:13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.
Php 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Daar sal altyd iets wees wat jou wil terug hou en keer om jou begeerte by uit te kom. Daar is altyd 'n verskoning wat mens kan voorhou om nie te doen waarvoor God jou roep nie.

Daar sal altyd iets wees waaroor jy dalk skaam sal wees of iets waaroor jy nie kan kom nie.

Maar as jy 'n begeerte het soos Paulus, sal jy ook soos Paulus kan sê:

2Co 11:23 Is hulle dienaars van Christus? —ek praat in uitsinnigheid—ek nog meer: in arbeid oorvloediger, in slae bo die maat, in gevangenskappe baie meer, in doodsgevare dikwels.
2Co 11:24 Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na.
2Co 11:25 Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring—
2Co 11:26 dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders;
2Co 11:27 in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid.
2Co 11:28 Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes.

2Co 10:10 For they say, His letters are weighty and impressive and forceful and telling, but his personality and bodily presence are weak, and his speech and delivery are utterly contemptible (of no account).

2Co 11:6 En al is ek ook onbedrewe in woord, dan tog nie in kennis nie; maar ons het ten volle in alle opsigte openbaar geword by julle.

Paulus se begeerte het hom verby al hierdie dinge laat kyk, geen verskonings gemaak nie!

ALLES BEGIN BY BEGEERTE:

B. JY IS GEBORE MET 'N DOEL: YOU HAVE A PURPOSE.

Moenie sterf voordat die begeertes van jou hart vervul is nie.

God se opdrag vir jou, sal jou **begeertes ontsluit, jou passie gee en jou kreatiwiteit laat ontwikkel.**

Wanneer God jou roep om iets te doen, **berei Hy vroegtydig voor**. Teen die tyd wat ek die eerste keer gepreek het by 'n jeugsaamtrek, toe was ek St 7 – het ek baie geoefen met my swart vriende op die plaas.

Binne my was daar 'n begeerte om die Woord te bedien, **en begeerte is altyd die eerste stap tot jou "destiny"!**

Byv: Onthou jy hoe die **verskillende stamme van Israel gereageer het toe Debora en Barak** hulle opgeroep het vir oorlog?

Hulle het 'n lied daaroor geskryf – waar hulle die stamme wat kom help het, geprys het en die **tweede versie was oor die stamme wat nie gekom** en help het nie.

Jdg 5:15 … By Ruben se suipplekke is daar baie beraadslaag. In die afdelings van Ruben was die voornemens van die hart groot.
Jdg 5:16 Waarom het jy by die saalsakke bly sit, bly luister na die fluitspel by die veetroppe? By Ruben se suipplekke is daar baie beraadslaag.
Jdg 5:17 Gilead het oorkant die Jordaan bly sit, en waarom het Dan by die skepe gebly? Aser het by die seestrand bly sit, nie van sy kaai af geroer nie.
Jdg 5:18 Sebulon was nie bang vir die dood nie en Naftali het die dood getrotseer op die hoogland.

Ruben – great indecision . . .(NLT) – kom help ons – komitee aangestel – ondersoek – terugvoering – besluite neem. Besluit nee

Dan – by die skepe – handelaars – besigheidsmense – drywende kettingwinkels – hul prioriteite was geldmaak – ons sal in die gees daar wees – maar dit gaan nou goed by ons, ons kan nie bekostig om nou te betrokke te raak nie.

Aser – by die see: Was hy op vakansie of wat? Niks fout met vakansie nie, " I just need a break" wees versigtig voor jy jou kon kry is jy op 'n permanente vakansie weg van God se doel vir jou lewe!

Moenie laat jou gevoelens dit wat jy begeer ondermyn nie.

C. BEGEERTE EN PASSIE = KRAG

Ooit gewonder of daar een kwaliteit, **een uitgesonderde karakter eienskap** in jou lewe wat God meer as enige iets **anders oor opgewonde** kan **maak en Sy aandag trek**?

Een ding wat een persoon sukses laat behaal terwyl '**n ander een misluk** ? Een ding wat jou van "gemiddeldheid"(Mediocrity) persoon kan vat na **"excellence"?** Een ding wat "**groot" leiers onderskei van "gemiddelde" leierskap?**

Wel daar is**, dit is nie jou agtergrond, gawes, of jou goeie voorkoms** nie.

Jy het God se onverdeelde aandag, as jy met PASSIE leef!

2Kron 16:9 want die HERE—sy oë **deurloop** die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se **hart onverdeeld op Hom gerig** is;

Psa 69:9 (69:10) Want die **ywer vir u huis** het my verteer, (Jesus profeties) Wat verteer jou? Wat maak 'n vuur binne jou los? Wat is jou begeerte? Wat is jou passie?

"God will pass up the crowd for the person whose heart is burning with passion, zeal, desire and holy fire"

Act 1:3 To them also He showed Himself **alive after His passion (**His suffering in the garden and on the cross) by [*a series of*] many convincing demonstrations

[*unquestionable evidences and infallible proofs*], appearing to them during forty days and talking [*to them*] about the things of the kingdom of God.

Apparently a primary verb (the third form used only in certain tenses for it); **to *experience* a sensation or impression (usually painful): - feel, passion, suffer, vex.**

Dit was na "Sy PASSION" wat Jesus die 1ste keer die krag geopenbaar het deur Sy dood aan die kruis.
Die grootste "display" van ooit op die aarde, was die opstanding uit die dode van Jesus Christus.

Passie = lyding aan die kruis – maar ander definisies = "strong feeling" "boundless enthusiasm" "love".

AGV die pyn aan die kruis – kan ons nou Sy "passie van liefde" vir ons besef.

Die kruis het die **"liefdeskamer" "love chamber**" "honey moon suite" geword waar Jesus Sy passie vir Sy bruid getoon het: "**Vir jou oortredinge is ek deurboor"**

Die rede vir Jesus se passie, was ek en jy – Sy onvoorwaardelike liefde – Sy fokus was op jou en my –

Sy passie vir jou en my en uiteindelik **gelei na die KRAG vd KRUIS!**

Dit is die krag waartoe ek en jy toegang het. Krag vir redding, genesing, voorsiening, verhoudinge, leiding, beskerming, ...

Slot: **NOU JOU EN MY BEURT OM MET PASSIE JOU BEGEERTE UIT TE LEEF!**

Hy roep jou! Hy het binne jou 'n onvergenoegdheid geplaas wat begeer om na buite te kom.

Jou geloof kan berge versit, maar jou vrese kan 'n berge skep !
Your faith can move your mountain, but your fear can create one!

God soek mense wat nie hul passie verloor nie, maak nie saak wat is die omstandighede nie. Waar is jou passie?
God se teenwoordigheid in jou lewe is heilig, 'n wonderwerk. Jou verhouding met God behoort te spreek van 'n BEGEERTE na HOM, PASSIE vir Sy werk, die oorweldigende liefde vir Hom.

As jy dit het, sal daar krag in jou lewe wees en jy jou "destiny" vervul.

Laat 2010 jou jaar van begeerte, passie en krag wees ! Dit gaan jou kos ! Toe Jesus in pyn aan die kruis hang, het Hy gesê:**As jy na die kruis kyk, moenie net die pyn sien nie, maar sien my passie vir jou, My Bruid!**

My gebed is dat soos Hy Sy liggaam vir jou gegee het, dat jy ook so jou liggaam terug vir Hom sal gee as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer!

Psa 37:4 en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.
Psa 21:4 (21:5) Die lewe het hy van U begeer; U het hom dit gegee: lengte van dae, vir ewig en altyd.
Psa 45:11 (45:12) en as die Koning u skoonheid begeer—want Hy is u Heer—buig u dan voor Hom neer.